10DE MAAND REEKS

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

INLEIDING:

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

Verloop

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Sê vir God dankie op die wyse wat Hy julle as groep as gestuurdes gebruik, dat julle instrumente kan wees in Sy hand. (Laat iemand uit jul groep kontak maak met jul stuursel met die oog om by jul volgende byeenkoms 'n whatsapp video oproep te maak met die stuursel.)

Skrif:

Teks:
2 Korintiërs 9:10–11
Daar staan ook geskrywe:
"Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig."
10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle
vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. 11 Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te
kan wees. **Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word**, 12 want die bediening
van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook
oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee.

Sleutelgedagte:

- Gee bring lewe en seën – dit dra vrugte in ons en ander se lewens

In ons 40 dae reeks het ons stilgestaan by "Volg Jesus".
As God dan altyd vrygewig is, wat leer dit my oor my lewensingesteldheid? (:9)

Notas

_____

_____

_____

- Waarom maak God ons ryk (:11)?

Notas

_____

_____

_____

Waarom maak God ons vrygewig *en barmhartig* deur die vrug van Sy Gees? (:12)

Notas

_____

_____

_____

_____

Konkrete daad:

- Stel ’n dagdeel beskikbaar om in die gemeente of gemeenskap te dien (bv. Josua Projek, Makukhanja, kinderbediening, Noodspens - kosuitdeling, sopkombuis, kleremark, SOS...)

Gebed

Laat ek Heer daar waar nood is nie verbystap nie. Laat daar waar U werk deur U gemeente, ek nie ander kant toe kyk nie. Laat daar waar U my seën, ek nooit vergeet wat die gevolg daarvan moet wees nie....

_____